

## Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA	DATUM		DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE					
	2018/10/22		2018/10/19		2018/10/15		2018/09/25		2017/10/23					
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ	Data	Δ	Data	Δ	Data				
Brent (\$/b)	79.53	-5.3%	↓	-6.3%	84.88	↓	-1.7%	80.94	↓	-2.0%	81.14	↑	38.4%	57.45
US\$: ? ZAR	14.34	-0.040	↓	-0.3%	14.38	↓	-1.0%	14.48	↑	0.1%	14.32	↑	4.7%	13.69
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 071.85	-19	↓	-0.9%	R 2 091.21									
* CBOT Dec cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Mielies Dec + -12 : 00 die vorige dag														
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 2 711.45	5	↑	0.2%	R 2 706.33									
*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 vandag vs CBOT Koring Dec + -12 : 00 die vorige dag														
ΔCBOT 8vm : 12nm*	R 4 513.47	-52	↓	-1.1%	R 4 565.16									
* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 vandag vs CBOT Sojabone Nov + -12 : 00 die vorige dag														
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige verhandelingsdag)														
Corn Des '18	367.00	-2.40	↓	-0.6%	369.40	↓	-2%	373.60	↑	1%	363.75	↓	-7%	396.75
Wheat Des '18	514.60	2.40	↑	0.5%	512.20	↓	-1%	517.20	↓	-1%	520.75	↓	0%	515.25
Soybean Nov '18	856.60	-7.40	↓	-0.9%	864.00	↓	-1%	867.40	↑	1%	845.75	↓	-15%	1002.00
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige verhandelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))														
SORGHUM Mar '19	3600.00	0	↑	0.0%	3600.00	↑	0.0%	3600.00	↑	0.0%	3600.00	#VALUE!		NA
WMAZ Oct '18	2380.00	6	↑	0.3%	2374.00	↑	0.9%	2358.00	↑	1.5%	2344.00	↑	24.5%	1911
WMAZ Jul '19	2548.00	9	↑	0.4%	2539.00	↑	0.5%	2535.00	↑	1.7%	2506.00	↑	22.3%	2084
YMAZ Oct '18	2392.00	-3	↓	-0.1%	2395.00	↓	-0.2%	2397.00	↑	0.6%	2377.00	↑	19.8%	1997
YMAZ Jul '19	2515.00	3	↑	0.1%	2512.00	↓	-0.1%	2518.00	↑	1.3%	2483.00	↑	16.9%	2151
SOY Oct '18	4635.00	25	↑	0.5%	4610.00	↑	0.8%	4600.00	↑	2.7%	4512.00	↓	-3.3%	4791
SOY Mei '19	4862.00	12	↑	0.2%	4850.00	↑	0.6%	4833.00	↑	1.0%	4814.00	↓	-1.8%	4951
SUN Oct '18	5035.00	41	↑	0.8%	4994.00	↓	-1.2%	5094.00	↓	-1.1%	5090.00	↑	11.7%	4507
SUN Mei '19	4976.00	39	↑	0.8%	4937.00	↓	-0.3%	4989.00	↓	-0.3%	4990.00	↑	6.0%	4695
WHEAT Oct '18	4377.00	12	↑	0.3%	4365.00	↓	-0.3%	4390.00	↑	0.9%	4340.00	↑	5.2%	4160
WHEAT Des '18	4462.00	8	↑	0.2%	4454.00	↑	0.6%	4437.00	↑	0.2%	4453.00	↑	6.8%	4176
OLIESADE (US\$/ton)	2018/10/19	Bron: Oilworld			2018/10/12	2017/11/13	2016/12/12							
Soya-oil, Arg.	658				-0.8%	663	↓	-14%	769	↓	-3%	676		
Soya-pel, Arg.	343				-0.9%	346	↑	1%	339	↓	-7%	368		
Soybean, Brazil	405				0.0%	405	↓	-1%	410	↓	-1%	410		
USA Runner 40/50	1300				-2.3%	1330	↓	-19%	1600	↑	0%	1300		
Sun-oil, Arg.	670				-0.7%	675	↓	-11%	755	↓	-16%	800		
Sun-oil, Black Sea	673				0.4%	670	↓	-10%	750	↓	-10%	750		
Sunseed,Black Sea	340				0.0%	340	↓	-15%	400	↓	-17%	409		
Rapeseed, EU cif	434				0.7%	431	↑	2%	425	↑	9%	399		
Palm oil Mal, EU	785				-1.9%	800	↓	-47%	1470	↓	-24%	1037		

### JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

**Sojabone:** In die internasionale sojaboonmark is die groot fokus steeds op die stroop proses in die VSA. Ongunstige weerstoestande hoofsaaklik as gevolg van oormaat reën het die stroop proses in die VSA vertraag die afgelope twee tot drie weke. Dit het die Amerikaanse pryse in die kort termyn ondersteun. Die toestande het nou egter weer verbeter en die verwagting is dat die Amerikaanse stroop proses nou weer teen 'n beter tempo sal plaasvind en dit sal weer die pryse onder druk plaas. Daar is tans nog nie duidelikheid rakende die maontlike negatiewe impak wat die koue en nat toestande op die opbrengs en kwaliteit van die Amerikaanse produksie gehad het nie en dit moet nog vasgestel word. In Suid Amerika was die Argentynse sojaboon invoere gedurende September 331 000 ton gewees en die verwagting is dat die invoere van sojabone na Argentinië in die volgende paar maande gaan toeneem. Dit is hoofsaaklik as gevolg van die toename in sojaboon uitvoere na Sjina wat die Argentynse plaaslike voorraad laag hou. In Brasilië is die verwerking van sojabone laer en die verwagting is dat dit gedurende Oktober tot Desember ongeveer 9% laer behoort te wees as verlede seisoen se verwerking. Dit is as gevolg van die groot hoeveelhede uitvoere wat plaasvind en die verwagte invoere wat nie gerealiseer het nie. Brasilië se sojaboon aanplantings vorder goed en die verwagting is dat Brasilië hierdie seisoen 'n nuwe rekord produksie sal hê. In die EU verkies die meeste van die verwerkers sojabone bo die ander oliesade en die EU sojaboon verwerkings het skerp toegeneem hierdie seisoen as wat die verwagtinge in die mark was. Die sojaboon invoere na die EU het ook skerp toegeneem hierdie seisoen. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die nuutste maandelikse SAGIS inligting word Donderdag bekend gemaak en dit sal 'n goeie aanduiding gee oor hoe die verwerking vir die seisoen vorder.

**Sonneblomsaad:** Die produksie van sonneblomsaad in die Oekraïne en Rusland lyk goed en dit plaas hierdie twee lande as baie belangrike bestemmings vir die produksie van groete olies en meel. Die sonneblomsaad produksie in die Oekraïne word tans op 15 miljoen ton geskat vir die seisoen en die verwagting is dat daar moontlik 'n opwaartse aanpassing in die produksie sal moet plaasvind. Die stroop proses is ongeveer 90% voltooi en die gemiddelde opbrengs wat tot dusver gerapporteer word is ongeveer 14% hoër as verlede seisoen se opbrengste. Die verwerking van sonneblomsaad in die Oekraïne behoort ook hoër te wees hierdie seisoen en die totale verwerking vir die 2018/19 seisoen word op 14.6 miljoen ton geskat wat ongeveer 11% hoër is as die vorige seisoen se verwerkings. In Rusland was die produksieverwagtinge vir die seisoen effens hoër aangepas en die produksie word nou baie naby aan die rekord vlakke van 2016 geskat. Ongeveer 66% van die Russiese sonneblomsaad is reeds gestroop en die gemiddelde opbrengs wat tot dusver gerapporteer is, is 1% hoër as verlede seisoen se opbrengste. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel, maar het hoofsaaklik laer gesluit vir die week in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. Die plaaslike verwerking van sonneblomsaad het goed gevorder tot dusver hierdie seisoen wat die voorraadvlakke van sonneblomsaad afbring.

**Kanola:** In Kanada is die stroop proses van kanola aansienlik stadiger as die gemiddelde tempo met die stroop proses wat vertraag was deur ongunstige weerstoestande. In van Kanada se grootste kanola produserende state is die stroop proses nou eers 67% voltooi teenoor die 95% voltooi van 'n jaar gelede teen dieselfde tyd van die seisoen. Die weerstoestande vir die res van Oktober lyk meer gunstig vir die stroop proses wat teen 'n vinniger tempo sal plaasvind. In Australië is die kanola produksie vir die seisoen laer aangepas as gevolg van die droë toestande wat daar heers en negatief is vir die produksie. **Plaaslik:** Die stroop proses van kanola het begin in die Weskaap en die terugvoer wat tot dusver ontvang is, is dat die produksie vir die seisoen goed lyk met goeie opbrengste wat gerapporteer word.

**Grondbone:** In die VSA is die stroop proses van grondbone op 45% voltooi gerapporteer wat 1% vinniger is as die 5 jaar gemiddelde tempo van 44% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Verlede seisoen was die stroop proses 49% voltooi teen hierdie tyd van die seisoen. Die produksietoestande in die VSA is aansienlik swakker as die vorige week se produksietoestande en word nou op 58% goed tot uitstekend geskat. Dit is 12% swakker as die vorige week se skatting van 70% goed tot uitstekend. Die weerstoestande was baie ongunstig met storms wat die afgelope twee weke voorgekom het oor groot gedeeltes van die produksiegebiede. Ten spyte van die swakke weerstoestande en maontlike negatiewe impak op die seisoen se produksie is daar steeds groot voorraad vlakke van grondbone in die VSA beskikbaar. **Plaaslik:** Die NOK maak hul voorneme om te plant verslag van somergrane vir die seisoen Donderdag bekend. Dit sal 'n goeie aanduiding gee van hoeveel grondbone min of meer die seisoen aangeplant sal word. Goeie vroeë reën is ook belangrik aangesien dit die gewas is wat die produsente eerste begin plant.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za